Die verskille in klimate en rasse op aarde

**198** **(JaHshua spreek)** "Kyk, hierdie mense sal van nou af aan ook in lande kom met heel intelligente en ontwikkelde volke en sal akkerbou en wynkultuur sien en groot stede met die mooiste paleise! Maar wanneer julle hulle na duisend of ook tweeduisend jaar sou sien, sal hulle nog in dieselfde hutte woon en nie in staat wees om `n egte huis van hout te timmer nie en nog minder van steen te bou.

[2] Ons wil in `n sekere sin nie ontken dat hulle daartoe in staat sou wees nie, hulle kan die boukuns baie goed leer; maar **dit sal hulle ontbreek aan die soepele ondernemingsgees** wat die mens vir die uitvoer van enige werk nodig het!

[3] Daarom was hul reis hierheen vir hulle sedert menseheugenis al een van hul reusagtigste ondernemings; vir julle sou dit maklik wees! Dit is wel ver daarheen, en die hitte van die land maak dit aansienlik swaarder om te reis, maar by die natuurlike geaardheid van hierdie mense kan die hitte al behoorlik hoog word voordat hulle regtig warm kry. Hul bloed is veel traer en bevat baie min ysterdeeltjies en daarom is hul bloed dikker en bevat meer gal as die van Blankes en dit het baie meer hitte nodig voor dit behoorlik vloeibaar word.

[4] Hierdie mense sou tydens `n streng winter, byvoorbeeld in die noordelike streke waar ons Ouran vandaan kom, baie suur gesigte trek. Tydens die eerste winter sou hul velle bars, omdat hulle bloed so dik is dat dit in hul buitenste liggaamsdele nie goed sou sirkuleer nie, sodat daar skilfers sou ontstaan wat by groot spanning die bloedvate sou laat bars, wat dan bloeding en aanmerklike pyn tot gevolg sou hê. Maar `n hitte wat `n swart klipsoort byna tot gloei bring, doen hulle nou nie juis so besonder baie skade nie. Daarenteen sou `n noordelike Skith in Nouabia, as hy tydens die hoogtepunt van die somer daarheen sou gaan, binne `n paar dae daar versmag en sodoende ook baie gou sterwe.

[5] Julle dink nou natuurlik by julleself: 'Moet daar dan op aarde sulke verskillende temperature heers? Sou dit dan nie orals ewe koud of warm kon wees nie?' As julle met die noodsaaklike, ronde vorm van die aarde meer vertroud sou wees as wat julle nou is, hoewel julle van My toe Ek `n klein kindjie was, onderrig ontvang het oor die vorm van die aarde, dan sou hierdie vraag nou sekerlik nie by julle opgekom het nie!

[6] Die verskillende temperature is `n onvermydelike gevolg van die bolronde vorm van die aarde. Die ronde vorm is egter noodsaaklik omdat by enige ander vorm die lig van die son hom onmoontlik so doelmatig sou kon versprei as juis by die ronde vorm - dan sou mens `n aarde deur drie sonne moes laat verlig, naamlik één bo elke pool en één bo die ewenaar! Maar dan vra ek in die eerste plek wie die hitte op die aardbodem sou verdra, en wat daar dan tereg sou kom van die nag, wat alle skepsels versterk en in die tweede plek hoe die beweging van die aarde sou lyk as dit afhanklik sou wees van die ewe sterk aantrekkingskrag van drie gelyke sonne?

[7] Ek het aan jou en verskillende ander van julle immers tog verduidelik hoe groot die son is en moet wees en hoe klein daarenteen die aarde! Sy moet op `n gepaste afstand en met `n regte snelheid om die son sirkel, omdat sy andersins daarin sou val of, by te groot snelheid, haarself daarvan sou moes verwyder die oneindigheid in. In die eerste geval sou die aarde in die liggloed van die buitenste sonne-atmosfeer bykans oombliklik uiteenval in die oer-eterstaat of in die oer-natuurgeeste wat in haar materie gevange gehou word; in die tweede geval egter sou sy deur gebrek aan hitte vries tot `n klipharde ysklont! In beide gevalle sou liggaamlike lewe op die aardse vlaktes nie denkbaar gewees het nie.

[8] Jy sien dus dat volgens My orde die een noodsaak die ander op sigself meebring dat op hierdie aarde `n gelyke temperatuur van pool tot pool onmoontlik is, maar dat dit andersyds tog noodsaaklik is dat die hele aarde soveel moontlik heeltemal bewoon is, sodat die uit die voorafgaande skepsels voortgekome en vryer geworde siele in `n liggaam kan inkarneer wat met hul aard ooreenkom. Wat bly daar dan anders oor as om die warm streke van die aarde te bevolk met mense wat `n sodanige liggaam het dat dit so `n warm klimaat goed kan verdra en streke met `n koue klimaat met mense wat in staat is om watter koue streke dan ook te bewoon en enigermate te ontwikkel.

[9] As jy dit nou ook maar enigsins insien, sal jy goed verstaan waarom in die hete hart van Afrika alleenlik maar sulke mense, waarvan Ek jou so pas die karakter beskryf het, swart moet wees en `n algeheel eie gemoedsgesteldheid moet hê. Sê vir My of julle dit nou goed begryp en verstaan het!"

[10] **Cyrenius** sê: "O Meester, ook daarvan begryp ek nou alles en ek dank U vir hierdie uiters heilsame les; want daardeur sien ek nou dat die hele inrigting van die wêreld uiters wys en doelmatig is en dat alles presies so moet wees soos dit is en dat dit nooit anders kan wees nie! Daarom sy U, Elohim en Meester, alleen alle eer, alle liefde en alle lofprysing; want die hele aarde en alle hemele is vol van U liefde en wysheid!

[11] Maar wat sal U, o Meester, nog verder met die Swartes onderneem? Want heeltemal in die reine skyn hulle nog nie te wees nie; ek merk dit aan hul baie nadenkende houdings.

[12] Hul aanvoerder het U Goddelikheid wel op `n werklik afdoende wyse aan hulle duidelik gemaak en

die vroeër genoemde wonderwerk met die uitsonderlike diamant se vervoer het hulle, soos dit blyk, aan die begin baie vreemd voorgekom; maar nou skyn hulle allerlei gewetensvrae aan hom te stel en een van hulle wat nou al `n paar maal na ons omgekyk het, het so pas die aanvoerder in volle erns gevra of hy die klip nie dalk heimlik tog self saamgeneem het tesame met die kalbasdop nie, om hulle daarmee asof met `n wonder te betower. Waar hierdie Swartes nie aan alles kom nie! Hulle het wel `n groter wonderwerk nodig om op die regte spoor gesit te word! Die goeie aanvoerder het duidelik baie moeite met hulle, dit kan ek baie goed merk!"

[13] **Ek** sê: "Jy moet nog `n klein bietjie geduld beoefen totdat hulle ryp daarvoor is, dan sal ons die aanvoerder eers te hulp kom, **want by hierdie soort mense gaan alles stadiger as by ons**! Bowendien het hulle almal nou vir die eerste keer volkome vreemde kos en wyn gekry en daardeur is hulle vir hierdie oomblik ook stadiger van begrip as wat hulle ooit tevore was. Maar dit is goed dat dit so is, omdat dit andersins nie maklik sou gewees het om hulle van iets te oortuig wat nou nog te veel ingaan teen die begrippe van Elohim wat hulle in Memphis opgedoen het nie.

[14] Hulle kan Elohim se oneindigheid onmoontlik vereenselwig met My persoonlikheid; maar as hulle eenmaal goed voorberei is, sal dit ons heel maklik en vinnig geluk om hulle dit by te bring! Intussen bewerk hul aanvoerder hulle vanweë verdenking van bedrog teen hom met betrekking tot die wonderwerk, wat ook goed is, want as iemand `n ongegronde verdagmaking uiter oor `n egte wonderwerk, dan moet hy daarvoor inderdaad ook `n baie behoorlike straf met die roede kry! Hoe meer hierdie Swartes nou met woorde getugtig en verneder word, des te standvastiger en makliker sal hulle dan vír ons vir altyd bly!"

## Oor die stadige en vinnige begrip van die waarheidsleer

**199** (Die Meester:) "Dit is egter alreeds lank bekend dat mense wat iets maklik aanvaar sonder dat hulle eers behoorlik flink beproef is, die saak wat hulle maklik opgeneem en verstaan het, ook baie maklik en gou weer laat vaar, terwyl mense wat in `n sekere sin deur louter stampe en stote en `n harde aanslag `n les leer, aanvaar en verstaan, dit dan nie so maklik ooit weer vergeet nie.

[2] O, daar is wel die wat baie goeie talente besit en daarby ook alle ander vermoëns het! Hulle neem alles vinnig en maklik op en verstaan dit goed, maar op die oomblik dat noodsaaklike beproewings hulle voordoen, dink hulle aan hul wêreldse voordele, is bang om te veel te moet opoffer en probeer dan so hard as moontlik om die geestelike sake te vergeet en kwyt te raak, wat, hoewel hulle van die waarheid daarvan oortuig is, vir hulle op hierdie wêreld geen voordeel oplewer nie. Sulke mense lyk na die byna deursigtige dagvlieë wat die hele mooie dag deur in die lig speel en vol lewe is, omdat hulle self heeltemal deur die lig deurskyn en deurgloei word; maar kom die nag dan wat die lewe beproef, dan is dit uit met hulle lig en hulle gloed en daarmee ook met hulle lewe!

[3] Daarom is daardie mense wat aanvanklik `n hoër waarheid ietwat moeiliker aanvaar, geskikter vir die ryk van Elohim as diegene wat dit maklik aanvaar; want hulle behou die aanvaarde daarna getrou en lewe daarvolgens, terwyl diegene wat dit maklik aanvaar en met die lig uit die hemele speel soos die dagvlieë met die sonlig, maar vervolgens daarvan ook nie meer nut van die hemelse lig het as die dagvlieë van die sonlig nie.

[4] Soms is daar egter ook mense wat `n waarheid maklik aanvaar, onthou en dan tydens die nag soos helder sterre bly straal en hulleself en andere baie voordeel bring; maar van hierdie mense is daar maar weinig en hulle is seldsaam.

[5] Hierdie More behoort egter almal tot diegene wat moeilik verstaan; maar wat hulle eenmaal verstaan het, is hul besit en hulle sal altyd lig bly gee tot aan hul laaste nakomelinge, soos die sterre in die Orion en soos Sirjezc (Sirius) in die groot ruimte.

[6] Dit is met die grondige begrip en die juiste verstaan van My leer ongeveer soos met die verwerf van `n vermoë: Wie baie maklik aan `n aansienlike vermoë gekom het, bring dit ook vinnig en maklik deur, want aan ontberings het hy nooit gewoond geraak nie en spaar het hy nooit probeer nie. As hy eenmaal in besit van `n vermoë gekom het wat hy deur `n erfenis, of deur `n ander gewin wat hy maklik verkry het, sal hy geen waarde heg aan daardie vermoë nie, want hy dink en voel dit ook, dat mens heel maklik `n groot vermoë kan bekom. Wie vir hom egter met harde werke `n aansienlike vermoë vergaar het, ken die swaar inspannings en die baie werk en weet hoeveel sweetdruppels elke penning hom gekos het; daarom waardeer hy ook sy met moeite verworwe vermoë en hy verkwis en verbras dit beslis nooit op `n onbesonne manier nie.

[7] So is dit egter ook met geestelike skatte. Wie hulle maklik verwerf, heg skaars waarde daaraan, omdat hy dink en ook in homself voel óf, dat hy hulle nooit as te nimmer sou kon kwytraak nie, óf, gestel dat hy iets of selfs alles daarvan sou verloor, alles wat hy verloor het, heel maklik weer terug kan kry. Maar dit is nie die geval nie, want wie geestelik iets verloor, win die verlorene `n tweede maal nie so maklik terug as wat hy dit die eerste maal gekry het nie.

***(word vervolg)***